

## 18 Mei Johannes 16:5 -15

(Teks: 16:7)

### ***Verlies wat wins is***

Die spreekwoord 'uit die oog, uit die hart' is 'n waar woord, nie net ten opsigte van mense wat van mekaar af wegtrek nie, maar ook van gelowiges ten opsigte van Jesus na sy Hemelvaart.

Die Here self leer vir ons egter dat dit voordelig vir ons is dat Hy weggaan, want sy weggaan is ons wins.

Van sy 'ingaan' in die hemel leer ons die beslissende gebeurtenis wat in die hemel plaasgevind het - dat Hy aan die regterhand van God die Vader gaan sit het.

*"Die HERE het tot my Here gespreek: Sit aan my regterhand, totdat Ek u vyande maak, 'n voetbank vir u voete"*

*(Ps. 110:1 (1933/53)).*

Om by die Vader te gaan sit was alreeds 'n bevoorregte posisie, des te meer aan die regterhand (vergelyk Ps. 80:18 (1933/53), 1 Kon 2:19). In die regterhand hou die koning sy heerserstaf. Deur Jesus Christus regeer die hemelse Koning.

Die Here Jesus word opgeneem in gemeenskap met die Vader in sy heerskappy om so te deel in die wêreldbestuur. Dit bring mee dat Hy sal heers oor die vyande van die Godsryk en hulle volkome sal oorwin, die voet op die nek sal sit, soos wat die ou konings gedoen het met dié wat hulle oorwin het.

So word die hemelvaart van Christus die keerpunt in die geskiedenis van die Godsryk. Van nou af gaan die Godsryk met haas en spoed na die heerlike dag van die voleinding van alle dinge tegemoet.

Sing Psalm 66:1

Ds. G. du Plessis (Emeritus)